22 Maart 2020

Hervormde Kerk Bloemfontein

www.hervormdekerkbfn.co.za

Die Herout

# Covid-19

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het op 16 Maart in 'n dringende vergadering byeengekom in die lig van die noodtoestand wat in Suid-Afrika afgekondig is om die verspreiding van die COVID-19-virus te bekamp. Die Kommissie spreek hul meegevoel uit teenoor almal wat persoonlik en direk op verskillende wyses deur die wêreldwye uitbraak van die virus geraak word. Dit sluit nie net die mense in wat geïnfekteer is nie, maar ook persone met familielede in die buiteland. Die Kommissie dink in die besonder aan mense wie se daaglikse lewens, werkgeleenthede, besighede, reis en verblyf deur die →




Gesien in die lig van die Covid -19 pandemie en die regering se opdrag om die verspreiding van die virus te bekamp, het die kerkraad gepoog om 'n verantwoordelike besluit te →

Nederduitsch Hervormde Gemeente Bloemfontein 83 jaar

## NB Laat nuus

**Tot verdere kennisgewing sal daar weens die verklaarde noodtoestand geen eredienste wees nie**

Posbus 37165
Langenhovenpark
9330

Predikante

Jaco Dreyer
083 444 0120
051 436 1511
Jacodreyer @telkomsa.net

Ivan Katzke
083 449 1652

Willem Dykema
082 560 4772


Gemeentekantoor

051 446 4316
Alta Venter
082 777 6296
nhgbloem@gmail.com

Bankbesonderhede

ABSA Brandwag
Rek. No. 157 058 0341
Takkode: 334 334

# Hervormer



# Webwerwe

1. Bloemfontein gemeente het haar eie webtuiste – www.hervormdekerkbfn.co.za. Daar word beoog om onder andere die Herout, kalender en preke te plaas. Besoek gerus die webtuiste en indien u enige kommentaar of voorstelle het kan u met Chris Smit by selnommer 083 501 0636.

2. Die Hervormde Kerk se webtuiste is www.nhka.org en besoekers sal daar elke dag 'n nuwe gedagte vir die dag vind asook betrokke dagstukkies uit die Bybelse Dagboek.

# Nuwe intrekkers

moet asseblief by die kantoor aanmeld. Lidmate wie se adres of telefoonnommers verander moet die inligting asseblief vir Alta deurgee.

# Covid-19

pandemie geraak word. Dit sluit ook gemeentes in wie se fondsinsamelingsbyeenkomste direk deur die noodsituasie geraak word. Die Kommissie doen in die besonder voorbidding vir alle mediese personeel en persone wat in hierdie moeilike tye moet diens lewer terwyl hulle gevaar loop om met die virus besmet te word.

Soos alle verantwoordelike landsburgers, moet die Kerk ook ag slaan op die buitengewone maatreëls wat op 15 Maart deur die Staatspresident afgekondig is. Buitengewone omstandighede vra na buitengewone besluite, ook binne die ruimte van die Kerk. Die Kerk dra die welsyn van ons lidmate en al ons mede-burgers op die hart, en wil dit deur ons optrede bevestig.

Daarom doen die Kommissie 'n beroep op elke kerkraad om met groot verantwoordelikheid te oordeel of hul gemeente tans met eredienste en die gewone gemeentelike aktiwiteite kan voortgaan. Groter gemeentes moet deeglik kennis neem van die verbod op byeenkomste van meer as 100 mense, en kleiner gemeentes wat oordeel dat hulle met eredienste en ander aktiwiteite wil voortgaan, moet verantwoordelikheid aanvaar om lidmate wat gevaarlike plekke besoek het of op gevaarlike plekke werk, lidmate wat simptome vertoon, ouer lidmate en lidmate met swak gesondheid of lae immuniteit te waarsku om eerder nie die byeenkomste by te woon nie. Waar

# Liturgie van oggenddiens

Afkondigings
Stilgebed
Toetrede: Ges 393: 1 & 2
Votum en Seën
Lofsang: Ges 393: 3 & 4
Wil van die Here
Gebed
Skriflesing en Prediking
Tema: Jesus – Die verstommende teleurstelling
Geloofsbelydenis
Slotlied: Ges 396: 1 & 2
Wegsendingseën
Uittoglied: Vonkk 38: 1, 2 & 3




**Onthou asb vir Nico ons Karwag**

**Baie dankie**

# Veels geluk met die verjaarsdag



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 03/22 | Danielle | Robbertze | Huis Kestell | 081 321 1636 |
| 03/22 | Gerhard | Venter | Ingrid Jonkerstraat 5 | 072 025 6622 |
| 03/24 | Su-Mari | Du Plessis | Blueberry Hills 13 | 083 256 2534 |
| 03/24 | Miemie | Oberholster | Serenitas 160 | 051 436 2676 |
| 03/25 | Kobus | Smit | Genl Van Schoorstr 16 | 083 440 4577 |
| 03/26 | Hannes | Saaiman | Philadelphia Nr 8 | 072 368 8050 |
| 03/27 | Johan | Venter | Ingrid Jonkerstraat 5 | 082 965 9752 |
| 03/28 | Susan | Nortje | Villa Altemura nr 7 | 082 639 4929 |
| 03/28 | Bart | Muller | Haldonweg 101 | 083 573 7373 |

## Covid-19

eredienste en byeenkomste (insluitend huweliks-bevestigings en begrafnisse) wel plaasvind, moet lidmate verkieslik nie fisiese kontak met mekaar maak nie en moet daar voldoende middels beskikbaar wees om 'n hoë graad van higiëne te verseker. Kerkrade moet rekening hou met die moontlikheid dat die virus 'n tyd lank kan oorleef op meubels en ander voorwerpe nadat dit besmet is.

Die Kommissie wil gemeentes tog daarop wys dat daar tans verskillende opsies bestaan om deur die elektroniese media versterking te kry uit die Woord en ook om deel te hê aan eredienste. Die Kerk se webblad (www.nhka.org) bevat gedagtes vir die dag, dagstukkies, preke, en selfs skakels na eredienste wat opgeneem is. Daar is ook skakels na enkele gemeentes wat elke Sondag 'n erediens lewendig stroom. Hierbenewens versoek die Kommissie die direksie van GLOmedia (https://glomedia.tv/) om weekliks een erediens wat gemeentes of lidmate kan gebruik, gratis op hul platform beskikbaar te stel.

Waar dit moeilik mag wees om eredienste te hou, word die Kerk se lidmate steeds aangespoor om hul krag in die Woord van God te soek en in gebed te volhard. Daarby word gelowiges opgeroep om diens te lewer waar dit moontlik en nodig mag wees. Soos in die vroeë kerk word gelowiges, wat die vrees vir die dood oorwin het, opgeroep om te dien waar ander terugdeins.

Mag die Here sy kerk gebruik. Mag die Here u seën en beskerm en aan u vrede gee. Dr Wouter van Wyk, Sekretaris: Kommissie van die AKV.

## G'n tee

Daar sal tot verdere kennisgewing nie tee/koffie gedrink word nie.

## Eredienste

neem. Eredienste gaan voort tot verdere kennisgewing, maar daar mag nie meer as 100 mense wees nie, dus sal daar toegangsbeheer toegepas word. Lidmate word versoek om in risiko gevalle u eie oordeel te gebruik, die besluit met inagneming van medelidmate se veiligheid, berus by u. U word ook versoek om verspreid in die kerk te sit en alle fisiese kontak te vermy, met ander woorde die drukkies en soentjies bly ongelukkig vir 'n ruk in die slag. Daar sal boodskappe op You Tube = nhk bloemfontein, geplaas word en daar is alreeds vorige Sondae se preke geplaas. Kontak gerus u kerkraad of die predikante vir verdere inligting of onsekerheid. Sien ook die inligting omtrent GLOmedia.tv

## EREDIENSTE

- Afskrifte van die preek is beskikbaar en kan in die kantoor afgehaal word.
- Eredienste word op You Tube gelaai en kan op die volgende skakel gevind word – nhk bloemfontein

# Gebeure in die gemeente

**24 Maart** om 18:00 –
Windpompfees vergadering – daar sal een of ander tyd besluit moet word of die fees voortgaan of uitgestel moet word. Kom help asseblief dink en beplan.

**29 Maart** om 09:00 –
Ds Willem lewer sy afskeidspreek en die gemeente neem afskeid van hom.

## Adresveranderings

Lidmate word versoek om indien hulle adres of selfoonnommer verander dit onder Alta se aandag te bring. Stel ook die kerkkantoor in kennis indien u uit Bloemfontein verhuis.

## Hondekosprojek

Protein Feed hodekos in sakke van 8kg, 25kg en 40kg teen onderskeidelik R135, R330 en R480 en is in die saal beskikbaar.

## Kerkraad

Die volgende lidmate is tydens die Gemeentevergadering gehou op 1 Maart verkies tot kerkraad.

Ouderlinge:- Renier Jacobs, Esta Crause, Awie Fourie, Mollie Rossouw, Quentin Colyn en Sumari Barnard

Diakens:- Jane Jacobs, Heinrich Pistorius, Bernhard Dupper, Waldo Stoltz en Clive Gibbs.

Daar sal geleentheid vir Kerkraadskategese wees op 4 Mei en die bevestiging sal DV plaasvind op 10 Mei tydens die oggenderediens.




- ♥Alex Els (071 963 3771) is tans by die huis en gaan binnekort na Pasteurhospitaal vir rehabilitasie.
- ♥Andre Vreugdenburg (078 458 9157) is in die Pasteurhospitaal vir rehabilitasie
- ♥Elsa van der Westhuizen was die week in die hospitaal.
- ♥David Lombard (072 401 4908) is nog in die hospitaal
- ♥Steve Swanepoel is in Mediclinic, intensiewe sorg en is baie ernstig.

Dink asseblief aan die lidmate wie se gesondheid agteruitgaan of trauma beleef en moet nie ophou bid vir die gemeente nie.

Laat weet asseblief vir Ds Jaco indien daar enige siektes of ander trauma is.

## GLOmedia.TV

Na aanleiding van die beperking op byeenkomste, het GLOmedia.tv besluit om weekliks 'n GRATIS erediens op die web te plaas wat op Sondag gekyk kan word (indien daar gemeentes is wat nie eredienste hou nie). Klik net op die volgende skakel om die erediens van ds Janine Bevolo-Manders van Gemeente Witfontein te volg:

https://vimeo.com/user108355006/review/398469952/7fc5efddc7

